
FABEL RETIEF

MEIRING FOUCHÉ

# ONHEIL IN SUIDWES



Wat kan 'n vreemde lig op 'n onbereikbare plek te doen hê met 'n bek- en klouseerepidemie in Suidwes-Afrika?

Dit is maar een van die geheime wat die kranige oud-speurder, Fabel Retief, moet gaan oplos in daardie geteisterde gebied.

Sommer baie gou ontdek hy dat hy hier te doen het met 'n saak wat baie dieper strek as wat met die eerste oogopslag blyk—en wat met veel groter gevare gepaard gaan as wat mens gewoonlik by 'n epidemie van bek- en klouseer verwag.

En wat van die vissersboot aan die kus? 'n Vissersboot waarvan die bemanning nie eens weet hoe om vis te vang nie!

## INHOUD


| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| 1. | Bek- en klouseer ... ... ... ... ... | 5 |
| 2. | Hinderlaag ... ... ... ... ... ... | 12 |
| 3. | Lig op Spitskop ... ... ... ... ... | 23 |
| 4. | Skip van Panama ... ... ... ... ... | 32 |
| 5. | Graf in die Namib ... ... ... ... ... | 43 |
| 6. | Man uit die ooste ... ... ... ... ... | 52 |
| 7. | Die koeëls sing ... ... ... ... ... | 63 |
| 8. | Waar is hy nou? ... ... ... ... ... | 71 |
| 9. | 'n Geheim opgelos ... ... ... ... ... | 82 |
| 10. | Die dood kom nader . . . ... ... ... ... | 93 |


Hoofstuk 1

## BEK- EN KLOUSEER

TOE Fabel Retief die middag op sy vrugteplaas in die Laeveld van Transvaal die telegram van kol. Hugo van Deventer nog 'n maal deurlees, kry hy die gevoel dat hier iets groots en belangriks aan die gang is. Dit is 'n eenvoudige en kort telegram :

*Kan jy my onmiddellik in Johannesburg kom spreek stop Noodsaaklik stop Van Deventer speurdiens.*

Fabel Retief vou die telegram noukeurig toe en steek dit in sy sak. Hierdie is nie die eerste maal dat die oud-speurder 'n telegram van die Speurdiens ontvang nie. Hy is nou wel 'n afgetrede speurder wat vandag 'n voltydse boer is, maar van tyd tot tyd kry hulle nog sy dienste nodig. Fabel Retief was op sy dag een van die skerpste en een van die vindingrykste speurders in die hele land. Iemand het eenmaal gesê dat Fabel Retief se speurvernuf die van die beste speurders in die wêreld ewenaar.

Hierdie telegram is vir hom eintlik ontstellend. Sy papajas is gereed om geoes te word. Daar is ander belangrike sake wat sy aandag nodig het hier op die plaas. Tog weet hy dat hy sal moet gaan want hy besef dat Hugo van Deventer hom nie sal ontbied as dit nie baie noodsaaklik is nie.

Hy ontbied onmiddellik sy hoofjong, deel hom mee dat hy weggaan. Hy weet nie hoe lank dit sal wees nie en hy gee aan die Bantoe volledige instruksies wat om te doen.

Gelukkig is die skepsel baie oorlams en hy weet alles van die papaja-oes af. Daarna ry Fabel Retief oor na sy buurman, Henk Jansen, en vra hom om 'n oog te hou oor die oestery.

So kom dit dat Fabel die volgende oggend om tienuur die ruim netjies gemeubileerde kantoor van kol. Hugo van Deventer binne stap. Die kolonel is 'n gryserige, aantreklike, intelligente man. En toe Fabel binnekom, staan hy onmiddellik op en groet hom hartlik.

„Dit is baie vriendelik van jou om te kom, Retief," sê die kolonel. „Dit spyt my waarlik dat ek jou in hierdie omstandighede hierheen moes ontbied. Is jy dan nie op die punt om te begin oes nie?"

„Ek is, kolonel," sê Fabel, „maar wat, ek het darem reëlings getref sodat my papajas bemark kan word. Is daar iets waarmee ek kan help?"

Die kolonel trek 'n laai oop en haal daar 'n legger uit. Toe stoot hy sy vingers deurmekaar, leun vooroor op die lessenaar en kyk na die jong speurder wat nie meer speurder is nie.

„Baie dae wonder ek waarom jy die speurdiens verlaat het, Retief," sê die kolonel. „Jy was in die fleur van jou loopbaan. Is die boerdery dan so aantreklik?"

„Meer aantreklik as die speurdiens, kolonel," antwoord Fabel.

„Ek wil dit glo," antwoord die kolonel en daar is 'n tikkie heimwee in sy stem. „Ek wens elke dag ek kan aftree sodat ek ook kan gaan boer."

Toe versomber sy gesig en hy slaan die legger werktuiglik oop.

Die kolonel leun meteens agteroor in sy stoel en kyk aandagtig na Fabel. „Retief," sê hy, „ek het jou laat kom omdat ons met 'n besonderse probleem te doen het. 'n Probleem wat dit vir my baie moeilik maak om een van ons voltydse speurders te gebruik. Ek dink jy is die ideale man om ons hier te help."

„As ek kan help, sal ek maar te dankbaar wees, kolonel," sê Fabel.

„Dit staan in verband met die uitbreek van bek- en klouseer in Suidwes," sê kol. Van Deventer.

Fabel Retief sit meteens regop. „Bek- en klouseer?" vra hy.

Kol. Van Deventer sien sy verbasing. „Ja, Retief," sê hy, „wat ek jou gaan vra, het te doen met die uitbreking van hierdie aaklige en uiters nadelige siekte. Dit blyk dat daar iets eienaardigs aan die gang is in Suidwes. Die polisie daar sit met hul hande in die hare. Die stomme kêrels het hulle al byna tot niet gewerk. Hulle moet help kordon stap, hulle moet probeer beheer hou oor die posisie, en nou het die hele affêre hand-uit geruk. Hulle het ons hulp ingeroep."

„Moet ek gaan koedoes keer of wat, kolonel?" vra Fabel.

„Nee, Retief, jy moet veel meer gaan doen as koedoes keer. Daar is aanduidings dat die bek- en klouseer in Suidwes deur bemiddeling van mense versprei word . . . opsetlik."

Fabel se liggaam ruk vooroor en sy mond gaan oop. Sy oë is meteens groot en blink. „U moet my verskoon, kolonel, maar ek kan nie glo dat iemand so laag kan wees as om hierdie gevreesde siekte opsetlik te versprei nie."



Kol. Hugo van Deventer staan op en stap na 'n groot landkaart van Suidwes teen die muur van sy kantoor. „Kom kyk 'n bietjie hier, Retief," sê die kolonel.

Fabel gaan daarheen en toe hulle voor die landkaart staan, sien Fabel dat sekere groot streke van Suidwes-Afrika in swart afgemerk is. In die gebiede is speldjies met rooi koppe gesteek. Op plekke staan hulle naby mekaar. Op plekke weer ver uitmekaar.

„Kyk na hierdie speldjies, Retief," sê die kolonel. „Wat val jou op as jy daarna kyk?"

„Die opvallendste is," sê Fabel, „dat hulle oor 'n groot gebied versprei is en dat die streke waarin hulle staan, nie aan mekaar verbind is nie."

„Presies," sê Van Deventer. Hy wys met sy vinger na al die streke met die rooi speldjies daarin. „Dit behels 'n groot deel van die land in los kolle wat van mekaar geskei is.

„Ek wil hê jy moet goed na die kaart kyk, Retief," sê die kolonel, „dan kan ons verder gesels." Daarmee stap hy terug na sy lessenaar en gaan sit. Na 'n rukkie sluit Fabel hom by die kolonel aan.

„Het jy gesien, Retief?"

„Die enigste onmiddellike afleiding wat ek kan maak, kolonel, is dat die siekte op 'n eienaardige wyse moet versprei. Dit moes tog op een plek uitgebreek het, nie waar nie?"

„Dit hét," sê die kolonel.

„En daarna," sê Fabel, „moes dit van plek tot plek ontwikkel het. Dit moes stelselmatig versprei het in die een of ander rigting, nie waar nie?"

„Dit is presies die punt, Retief. Maar hierdie uitbreek van bek-en klouseer het nie stelselmatig in 'n sekere rigting ontwikkel nie. Dit het gespring van plek tot plek soos 'n veldbrand wanneer die wind sterk is. Dit is die opvallendste in die hele situasie."

„Maar, kolonel," sê Fabel, „daar kan 'n duisend redes voor wees. Ek bedoel die siekte kon deur wild oorgedra gewees het. Wild beweeg vinnig en ver. Dit kon onbewustelik deur mense oorgedra gewees het, nie waar nie? Dit is tog seker nie 'n rede om aan te neem dat mense opsetlik besig is om dit te versprei nie."

Die kolonel vee met sy smal vingers oor sy wenkbroue. Toe haal hy 'n sigaret uit en steek dit op. Hy doen dit so ingedagte dat hy nie eers een aan Fabel aanbied nie.

„Jou afleiding is korrek tot op 'n punt, Retief," sê die kolonel. „Maar wat vind ons? Om al die aangetaste gebiede is daar onmiddellik sterk kordonne geslaan. Wild en diere is vasgekeer. Daar kon net geen beweging plaasvind nie. Besmette diere is onmiddellik vernietig. Ons het inligting dat daar tussen sekere plekke geen menslike verkeer was nie."

„Dit is nog geen bewys nie, kolonel," sê Fabel koppig. „Niemand kan vir my kom sê dat alle wild beheer kan word nie. Die een of ander ding glip tog maar deur."

„Nou goed, as jy so slim is, Retief, dan sal jy miskien vir my 'n uitleg kan gee vir die volgende . . ."

Die kolonel staan weer op en stap na die landkaart, gevolg deur Fabel. Fabel Retief is van nature 'n man wat nie alles glo nie. Dit vat baie om hom te oortuig. En veral hou hy nie van praatjies en teorieë nie. Hy hou van feite wat op die oog af feite is. Hy ondersoek alles voordat hy 'n gevolgtrekking maak.

Met sy vinger wys kol. Van Deventer na 'n plek in die suidwestelike deel van Suidwes-Afrika. Daar is 'n swaar swart kring om die plek getrek.

„Hierdie plaas," sê die kolonel, „behoort aan 'n Duitse boer. Hy het vantevore bek- en klouseer gehad en dit het hom 'n bitter les geleer. Gevolglik het hy die onkoste aangegaan om sy hele plaas deeglik en hoog te omhein. Op so 'n wyse dat selfs 'n koedoe nie oor daardie heining sal probeer spring nie. Dit is net onmoontlik. Geruime tyd is dié man nie weer deur bek- en klouseer gepla nie. By die eerste uitbreking het hy gesorg dat sy heining in orde is. Dit was nog altyd in orde. Bek- en klouseer het op die een na die ander plek in sy omgewing uitgebreek maar nie by hom nie. Hy het ekstra hulp gehuur. Hy het sy heining gedurig gepatrolleer."

Die kolonel swyg meteens en met sy skerp oë kyk hy na Fabel. „Weet jy wat het nou gebeur, Retief?"

Fabel kyk net swyend na die kolonel. En dit voel vir hom asof daar nou 'n troefkaart gespeel gaan word.

„Sowat 'n maand gelede het bek- en klouseer op hierdie plaas uitgebreek. En wat so opvallend is, is dat dit in 'n besonder kwaadaardige vorm uitgebreek het. Dit het soos 'n veldbrand onder wild en dier versprei. Dit is baie opmerklik. Hoe verklaar jy dit, Retief?"

„Ek weet nie veel van die dinge af nie, kolonel," beken Fabel.



„Kan dit wees dat die kieme oorgewaai word? Kan dit wees dat die kieme deur voëls gedra word?"

Van Deventer trek sy skouers op. „Dit is bepaald moeilik om jou te oortuig, Retief. Ek weet nie. Miskien is dit moontlik. Maar miskien kan jy dan vir my hierdie verklaar. Kort voor die uitbreking van bek- en klouseer op hierdie bepaalde plaas het die arbeiders van die boer 'n verdagte inboorling buite die heining gewaar. Hulle het hom 'n paar maal gesien. En wat nog meer opvallend is—buite die heining het hulle 'n plek gekry waar 'n strik gevang is. Blykbaar was dit 'n jong duiker. Miskien is dit ook toeval, maar naby die plek aan die binnekant van die heining het hulle 'n duiker dood gekry wat aan bek- en klouseer gevrek het. Vind jy dit nie ook interessant nie, Retief?

„Die Duitse boer het hom die moeite getroos om die duiker net so op te laai en na die polisie op Windhoek te bring. Hulle het dit afgeslag nadat hulle dit deeglik ondersoek het. En agter die blad van die duiker het hulle 'n eienaardige verkleuring van die vleis aangetref. Hulle het die vel ook op daardie plek ondersoek en daar 'n interessante aanduiding gekry. Windhoek se polisie is oortuig daarvan dat iemand die duiker 'n inspuiting toegedien het."

Fabel Retief vat die leuning van 'n stoel vas en hy kyk dringend na die kolonel. Hy het 'n troefkaart verwag en nou het hy dit gekry. Hier waar hy staan weet hy dat hy dit nie kan oortref nie. Hy is meteens dankbaar dat hy gekom het. Al waarvan hy nou bewus is, is dat daar 'n taak op hom wag.

„Maar wie op aarde sal so iets doen?" vra Fabel Retief. „Wie kan so duiwels wees as om 'n hele land in die krisis te slinger en dit op so 'n aaklige manier?"

Die kolonel leun agteroor in sy stoel en hy druk sy vingerpunte teenmekaar. „Ons het hier met iets te doen, Retief," sê hy, „wat groter is as wat ons ons verbeel. Hier is veel meer op die spel as bek- en klouseer."

„Wat bedoel u?"

„Ek wil hê jy moet die hele prentjie ontleed, Retief. Jy weet tog wat in die V.V.O. aan die gang is in verband met Suidwes. Daar is sekere magte wat die gebied aan die Republiek wil ontneem. Tot dusver het hulle nog nie daarin geslaag nie. Nou is daar aanduidings dat pogings aangewend word om die blanke bevolking van die land ekonomies op sy knieë te bring en op so 'n wyse 'n houvas te probeer kry op Suidwes."

Hy hou sy maer vinger waarskuwend omhoog. „Ek wil nie 'n oomblik te kenne gee dat dit die V.V.O. is wat amptelik so iets onderneem nie. Daar is geen bewys voor nie. Ek glo dit ook nie. Maar daar is sterk aanduidings dat sekere individue uit sekere lande dit op hulle geneem het om die blanke bevolking van Suidwes-Afrika te probeer vernietig. Hulle skyn te meen dat hierdie metode die maklikste en die doeltreffendste sal wees."

„Wat laat u dít dink, kolonel? Dink u nie dit is 'n bietjie kwaai om so iets af te lei nie?"

„Ek sal jou sê wat ons tot die gevolgtrekking gebring het, Retief. Ons het ondersoek ingestel. Ons het sekere aanduidings gevind. Sekere hoogs ontstellende aanduidings. Aanduidings wat te doen het met sekere inboorlinge in die gebied. Die hele ding hang saam. Die houding van die V.V.O., die houding van sekere individuele state, die houding van sekere inboorlinge binne Suidwes. Daar is definitiewe aanduidings dat sekere inboorlinge in hierdie gebied met sekere belange buite die gebied skakel."

„Het u sekere inligting wat ek kan bestudeer?" vra Fabel.

Die kolonel skuif die legger na hom toe. „Daar is 'n legger met sekere inligting, Retief. Dit is seker nie vir my nodig om vir 'n man van jou formaat te sê dat daardie inligting hoogs geheim is nie. Jy kan dit met jou saam neem en uittreksels maak, maar jy moet dit asseblief so gou moontlik aan my terug besorg. Vanaand by my huis as jy wil." Toe glimlag die kolonel weer. „Ek het bietjie eie reg gebruik," sê hy. „Ek het vir jou plek bespreek op die vliegtuig na Windhoek môreoggend. Ek dink dit is noodsaaklik dat jy eers daar aandoen en met die polisie daar praat. Hulle is veel meer op hoogte van die omstandighede as ons hier. Hulle het elke dag kontak met die hele posisie."

Fabel trek die legger nader. „Wat is u opdrag aan my, kolonel?" vra hy.

„My opdrag is baie eenvoudig, Retief," antwoord Van Deventer. „Daar bestaan 'n teorie dat mense verantwoordelik is vir die verspreiding van bek- en klouseer in die gebied. Ek wil hê jy moet gaan uitvind of dit so is. En ek wil hê jy moet dit doen net so vinnig as wat jy kan. Die uitbreking van bek- en klouseer het op Suidwes 'n vernietigende en 'n verlammende uitwerking gehad. Daar is boere wat al op hul knieë gebring is deur hierdie onkeerbare epidemie. Dit lyk asof dit die afmetings gaan aanneem van die runderpes. Ons gaan in geen omstandighede toelaat



dat dit verder ontwikkel nie. Keer op keer het dit al gelyk asof die epidemie onder bedwang gebring is, maar dan breek dit weer op 'n splinternuwe plek uit waar dit nooit verwag is nie, waar die strengste beheermaatreëls toegepas is. Dus dit staan jou vry om te doen wat jy wil. Ek gee nie om watter metodes jy gebruik nie. Vind net uit wat gaande is en as jy enige hulp nodig het, laat my onmiddellik weet."

Fabel staan op. „Dit is duidelik genoeg, kolonel," sê hy. „Ek sal my bes doen. Ek sal gedurig aan u rapporteer wat ek doen en wat ek uitgevind het. Ek hoop net u besef dit is 'n moeilike taak."

Die kolonel glimlag breed. „Ek weet dit is 'n moeilike taak, Retief, daarom het ek jou laat kom. Alle sukses."

Fabel gaan onmiddellik na die hotel. Daar gaan hy die legger deeglik deur, en toe hy die nodige aantekeninge gemaak het, neem hy dit terug na kolonel Van Deventer.

Dié aand pluis kol. Van Deventer en Fabel die ding verder uit. Op grond van die inligting wat hy uit die legger gekry het, kan Fabel nou lekkerder saam gesels.

„En wat is jou gevolgtrekking, Retief," vra die kolonel in die loop van hul gesprek.

„My gevolgtrekking is eenvoudig, kolonel," antwoord hy. „Ek is daar absoluut oortuig van dat die bek- en klouseer nie op natuurlike wyse in Suidwes versprei nie. Ek is daarvan oortuig dat dit kunsmatig versprei word deur mense."

*

In Windhoek gaan Fabel Retief hom onmiddellik aanmeld by die hoof van polisie daar, 'n vriendelike man wat hom gulhartig ontvang.

Hy vra meer inligting oor die duiker waarvan kol. Van Deventer hom vertel het. Toe gaan leun hy teen die vensterbank en kruis sy arms. „My vriend", sê hy, „het jy 'n lys van verdagte naturelle in Suidwes? Ek bedoel 'n lys van inboorlinge wat daarvan verdink word dat hulle 'n sekere ideologie aanhang?"

Die polisiehoof trek dadelik sy lessenaar oop en haal daar 'n legger uit. „Hier het ek so 'n lys name."

„Is daar enige agtergrond by," vra Fabel. „Of is dit bloot die name."

„Nee hier is voldoende agtergrond by," sê die polisiehoof. „By elke naam is daar 'n aantekening."

Fabel Retief gaan na sy hotel en hy maak 'n noukeurige studie van die afskrif van die lys name wat die polisiehoof aan hom oorhandig het, tesame met al die aantekeninge wat by elke naam verskyn. Daar is 'n aantal interessante gevalle. Hy gaan die volle agtergrond na van 'n hele aantal inboorlinge wat hulle enigsins op 'n afwykende wyse gedra het volgens die inligting van die polisie.

Hy sif al die name deur, laat sommige weg, skryf andere neer.

Toe hy uiteindelik klaar is, het Fabel Retief met 'n rooi potlood 'n kring om een naam op die lys getrek.

Dit is 'n naturel met die naam Natako, 'n Herero.

Uit die polisiegegewens word Fabel wys dat hierdie inboorling 'n mate van opleiding gehad het, dat hy 'n redelik opstandige skepsel is en dat hy afwykend is in sy sienswyse. Hy was student aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit en hy was al een maal oorsee. Fabel vind verder uit dat Natako by geleentheid al geprobeer het om die land uit te glip om sy saak voor die V.V.O. te gaan stel. Dit is hom geweier en sedertdien word hy noukeurig dopgehou. Fabel stel ook vas dat die naturel in 'n reservaat naby die grens van Betsjoeanaland bly. Dit interesseer Fabel onmiddellik. Daar is nie veel wat 'n man verhinder om oor die grens te glip na Betsjoeanaland nie. Dit kom nie daarop aan hoe waaksaam die polisie is nie, maar as Natako wil, sal hy op die een of ander wyse oor die grens kan glip.

'n Hele ruk herkou Fabel aan die gegewens wat op die lys verskyn. Toe gaan hy terug na die polisiekantoor en maak reëlings vir vervoer. Hy weet nou presies wat hy gaan doen.

En in sy kop maal die een woord—Natako.

## Hoofstuk 2

## HINDERLAAG

DIE volgende oggend vroeg is Fabel Retief, bewapen met 'n hele bondel inligting en heelwat los gedagtes, op pad na 'n reservaat in Suidwes. Die polisie van Windhoek het vir hom 'n motor beskikbaar gemaak en daarmee ry hy nou alleen.



Dit is 'n hele ruk voor die middag toe hy by die klein polisiestasie naby die reservaat uitkom. Die sersant is nie op die oomblik daar nie maar hy tref 'n wakker en intelligente konstabel aan met die naam van Meyer.

Toe Fabel hom bekend stel, kyk konst. Meyer 'n rukkie aandagtig na hom en toe vra hy: „Is dit tog nie die beroemde Fabel Retief nie?"

„Ek weet nie so reg van die beroemd nie," sê Fabel, „maar ek is Fabel Retief, Meyer," sê hy, „ek is op pad na die reservaat."

„Alleen?" vra Meyer.

„Ja, hoe dan? Meen jy dat ek 'n lyfwag moet saamvat."

„Wel," sê konst. Meyer, „oor die algemeen is daar nie moeilikheid nie maar daar is 'n seksie in die reservaat wat danig opstandig is. En 'n mens weet nooit wat hulle kan aanvang nie. Dit is 'n klein minderheid maar hulle is daar. Kan ek jou nie vergesel nie, mnr. Retief?"

Maar Fabel weier die hulp. „Nee," sê hy, „dit is die laaste ding wat ek graag wil sien gebeur—dat ek in geselskap van 'n polisieman die reservaat binnekom."

„Kom sit," sê Meyer, „dan drink ons tee." Hy roep 'n naturellehandlanger wat altyd vir hulle tee maak en hy bestel twee koppies. „Wat is die moeilikheid?" vra Meyer, „of is ek te nuuskierig? Wat is die doel van jou sending, mnr. Retief?"

Fabel hingel 'n oomblik. Hy weet eintlik nie mooi of hy sake met hierdie jong konstabel moet bespreek nie. Maar Meyer lyk so intelligent en so ywerig dat hy besluit dat daar nie veel kwaad in kan wees nie.

„Wel," sê hy, „ek is op pad om 'n paar woorde te gaan gesels met ene Natako, 'n Herero. Ek wil van hom sekere inligting hê." Daarmee volstaan Fabel. Hy laat nie blyk wat die doel van sy sending is nie want hy dink dit is beter as dit geheim gehou word.

„Natako?" vra Meyer.

„Weet jy iets van hom af, Meyer?" vra Fabel Retief.

„Ja," sê konst. Meyer. „Ek weet heelwat van Natako. Hy is ook een van hierdie dwarskoppe. 'n Onderwyser; gee klas in die reservaat. 'n Hoogs intelligente inboorling en baie ambisieus. Hy het in die Republiek en elders gestudeer. 'n Geleerde skepsel. Maar 'n tyd gelede het hy die pad 'n bietjie byster geraak. Allerhande idees in sy kop gekry. Ons het hom hier onder stof geloop